# OFFICIAL GAZETTE
**EXTRAORDINARY**
OF SOUTH WEST AFRICA

**BUITENGEWONE**
# OFFISIËLE KOERANT
VAN SUIDWES-AFRIKA

PUBLISHED BY AUTHORITY — UITGAWE OP GESAG

10c — Thursday 2 August 1973 — WINDHOEK — Donderdag 2 Augustus 1973 — No. 3345


CONTENTS — INHOUD — *Page/Bladsy*


GOVERNMENT NOTICE:

No. 134 Ordinance, 1973: Promulgation of ... ... ... 779

GOEWERMENTSKENNISGEWING:

Ordonnansie, 1973: Uitvaardiging van ... ... ... 779


## Government Notice

The following Government Notice is published for general information.

H. P. F. GOUS,
*Acting Secretary for South West Africa.*

Administrator's Office,
Windhoek.

No. 134.] [2 August 1973.

### ORDINANCE, 1973: PROMULGATION OF

The Administrator has been pleased to assent, in terms of section 27 of the South West Africa Constitution Act, 1968 (Act 39 of 1968) to the following Ordinance which is hereby published for general information in terms of section 29 of the said Act.

| *No.* | *Title* | *Page* |
|---|---|---|
| 19 | Second Road Traffic Amendment Ordinance, 1973 ... ... ... ... ... ... ... ... ... ... . | 780 |

## Goewermentskennisgewing

Die volgende Goewermentskennisgewing word vir algemene inligting gepubliseer.

H. P. F. GOUS,
*Waarnemende Sekretaris van Suidwes-Afrika.*

Kantoor van die Administrateur,
Windhoek.

No. 134.] [2 Augustus 1973.

### ORDONNANSIE, 1973: UITVAARDIGING VAN

Dit behaag die Administrateur om sy goedkeuring te heg, ooreenkomstig artikel 27 van die Wet op die Konstitusie van Suidwes-Afrika 1968 (Wet 39 van 1968) aan die volgende Ordonnansie wat hierby vir algemene inligting gepubliseer word ooreenkomstig artikel 29 van gemelde Wet.

| *No.* | *Titel* | *Bladsy* |
|---|---|---|
| 19 | Tweede Wysigingsordonnansie op Padverkeer, 1973 ... ... ... ... ... ... ... ... ... ... . | 781 |

No. 19 of 1973.]

SECOND ROAD TRAFFIC AMENDMENT ORDINANCE, 1973.

*(Assented to 25 July 1973.)*

*(Afrikaans text signed by the Administrator.)*

*(Date of commencement 1 October 1973.)*

# ORDINANCE

To amend the Road Traffic Ordinance, 1967 in respect of the provisions contained in section 140 relating to the permissible amount of alcohol in the blood of the driver of a vehicle, and to provide for incidental matters.

---

BE IT ORDAINED by the Legislative Assembly for the Territory of South West Africa, as follows:

**Amendment of section 90 of Ordinance 30 of 1967.**

1. Section 90 of the Road Traffic Ordinance, 1967 (Ordinance 30 of 1967) — hereinafter referred to as the principal Ordinance — is hereby amended by the substitution for paragraph (c) of subsection (1) of the following paragraph:

"(c) where such permit would authorize the conveyance of passengers and the applicant therefor has been convicted of driving a motor vehicle while under the influence of intoxicating liquor or a drug having a narcotic effect, or of driving a motor vehicle while the concentration of alcohol in his blood exceeded a statutory limitation or of reckless driving, except with the consent of the Administrator.".

**Amendment of section 140 of Ordinance 30 of 1967, as amended by section 6 of Ordinance 25 of 1969.**

2. Section 140 of the principal Ordinance is hereby amended by the substitution for subsections (2) and (3) of the following subsections:

"(2) Any person who on a public road —

(a) drives a vehicle; or

(b) occupies the driver's seat of a motor vehicle, the engine whereof is running,

while the concentration of alcohol in his blood is not less than 0,08 gram per 100 millilitres, shall be guilty of an offence and liable on conviction to a fine not exceeding four hundred rand or to imprisonment for a period not exceeding one year, or to both such fine and imprisonment.

(3) If, in any prosecution for a contravention of the provisions of subsection (2), it is proved that the concentration of alcohol in the blood of the person con-

No. 19 van 1973.]

TWEEDE WYSIGINGSORDONNANSIE OP PADVERKEER, 1973.

*(Goedgekeur 25 Julie 1973.)*

*(Afrikaanse teks deur die Administrateur geteken.)*

*(Datum van inwerkingtreding 1 Oktober 1973.)*

# ORDONNANSIE

Tot wysiging van die Ordonnansie op Padverkeer 1967, ten opsigte van die bepalings in artikel 140 vervat betreffende die toelaatbare hoeveelheid alkohol in die bloed van die bestuurder van 'n voertuig; en om voorsiening te maak vir bykomstige aangeleenthede.

---

Die Wetgewende Vergadering van die Gebied Suidwes-Afrika VERORDEN SOOS VOLG:

**Wysiging van artikel 90 van Ordonnansie 30 van 1967.**

1. Artikel 90 van die Ordonnansie op Padverkeer 1967 (Ordonnansie 30 van 1967) —hieronder die Hoofordonnansie genoem — word hierby gewysig deur paragraaf (c) van subartikel (1) deur die volgende paragraaf te vervang:

"(c) waar sodanige permit die vervoer van passasiers sou magtig en die aansoeker daarom skuldig bevind is daaraan dat hy 'n motorvoertuig bestuur het terwyl hy onder die invloed was van sterk drank of 'n verdowingsmiddel wat 'n narkotiese uitwerking het, of dat hy 'n motorvoertuig bestuur het terwyl die konsentrasie alkohol in sy bloed 'n wetlike beperking oorskry het of dat hy roekeloos bestuur het, uitgesonderd met die toestemming van die Administrateur.".

**Wysiging van artikel 140 van Ordonnansie 30 van 1967 soos gewysig by artikel 6 van Ordonnansie 25 van 1969.**

2. Artikel 140 van die Hoofordonnansie word hierby gewysig deur subartikels (2) en (3) deur die volgende subartikels te vervang:

"(2) Iedereen wat op 'n openbare pad —

(a) 'n voertuig bestuur; of

(b) in die bestuurdersitplek sit van 'n motorvoertuig waarvan die enjin loop,

terwyl die konsentrasie alkohol in sy bloed nie minder as 0,08 gram per 100 milliliter is nie, is skuldig aan 'n misdryf en by skuldigbevinding strafbaar met 'n boete van hoogstens vierhonderd rand of met gevangenisstraf vir 'n tydperk van hoogstens een jaar of met sodanige boete sowel as sodanige gevangenisstraf.

(3) Indien daar, by enige vervolging weens 'n oortreding van die bepalings van subartikel (2) bewys word dat die konsentrasie alkohol in die bloed van die be-

SECOND ROAD TRAFFIC AMENDMENT ORDINANCE, NO. 19 OF 1973.

cerned was not less than 0,08 gram per 100 millilitres at any time within two hours after the alleged offence, it shall be presumed, unless the contrary is proved, that such concentration was not less than 0,08 gram per 100 millilitres at the time of the alleged offence.".

Short title and date of commencement.

3. This Ordinance shall be called the Second Road Traffic Amendment Ordinance, 1973, and shall come into operation on 1 October 1973.

TWEEDE WYSIGINGSORDONNANSIE OP PADVERKEER, NO. 19 VAN 1973.

trokke persoon te eniger tyd binne twee uur na die beweerde misdryf nie minder as 0,08 gram per 100 milliliter was nie, word daar vermoed, tensy die teendeel bewys word, dat sodanige konsentrasie ten tyde van die beweerde misdryf nie minder as 0,08 gram per 100 milliliter was nie.".

3. Hierdie Ordonnansie heet die Tweede Wysigingsordonnansie op Padverkeer, 1973, en tree in werking op 1 Oktober 1973. Kort titel en datum van inwerkingtreding.